

20 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 13:44-50
Fokusgedeelte: Matteus 13:44

Die koninkryk van God is kosbaar

Dit klink vir my asof die man in die gelykenis 'n hardwerkende boer was wat iewers huurgrond omgeploeg het. Moontlik het hy met een van die ploegskare 'n groot skat in die grond heel onverwags oopgeploeg. Nadat hy besef het dat hierdie vonds hom skatryk sal maak, het hy die rykdom versigtig weer toegemaak en al sy goed verkoop. Hy was bereid om alles prys te gee om hierdie saailand met die groot skat te koop.

Jesus wil ons deur hierdie gelykenis leer dat sy koninkryk met iets baie kosbaars vergelyk kan word. Dit is soos 'n verborge skat. Soms word die goeie nuus van God se genade amper onverwags ontdek as 'n ongelowige 'n Gideonsbybeltjie in die hospitaal lees, of as hy miskien na 'n boodskappie oor die radio luister, of as hy die geloofsoptrede van 'n kind van God raaksien.

Meer dikwels groei ons op in die geloof in verbondsouerhuise waar ons al meer en meer die Here leer ken, leer liefkry en besef watter genadeskat ons het. Of God se genade na ons toe onverwags of met die loop van tyd uit verbondsouerhuise kom, die punt is: ek en jy moet die skatte van God se genade ons eie maak. Dis nie genoeg om bloot te weet waar ons die skat kan vind en dan niks daaraan te doen nie.

Die skat van God se genade vind ons slegs by Jesus Christus! Hy moet vir ons die kosbaarste skat wees wat ons geestelik skatryk maak. Dit beteken dat ek en jy alles moet prys gee om Jesus as Koning te dien. Die vraag is net: Wat is jy bereid om vir Christus prys te gee?

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)